Volksblad 21-7-36.

# Voortrekker-Monument

## BLOEMFONTEIN SE AANSPRAKE

### Naval Hill Gehou Vir Uitsaaistasie

Bloemfontein se aanspraak op die Voortrekkermonument sal vanmiddag sterk onder die aandag gebring word van die onderkomitee van die Sentrale Volksmonumentekommissie wat tans geskikte plekke in verskillende dele van die land besoek.

Die komitee bestaande uit adv. E. G. Jansen, voorsitter, sen. F. S. Malan, mnr. I. M. Lombard, mnr. C. M. Booysen, inspekteur van skole, mnre. Gerard Moerdyk, boumeester, B. H. J. van Rensburg, direkteur van die Oorlogsmuseum, en J. J. Scheepers, sekretaris, het vanoggend van Thabantsjoe hier aangekom.

Hulle is dadelik na die Vrouemonument en die Oorlogsmuseum, waar ds. I. D. Krüger, voorsitter van die Vrouemonumentkommissie, en mnr. Van Rensburg, direkteur van die Oorlogsmuseum, hulle rondgeneem het.

Vanmiddag sal verteenwoordigers van die stadsraad bestaande uit mnre. L. W. Deane, J. B. Dersley, die stadsklerk, mnr. S. Fawcett-Peck, en die stadsingenieur, mnr. Usher, en 'n afvaardiging van die stadsrade van die suidelike Vrystaat wat Bethulie, Fauresmith, Jagersfontein, Koffiefontein, Philippolis, Reddersburg, Smithfield en Trompsburg verteenwoordig, die komitee die geskikte plekke in Bloemfontein aanwys en Bloemfontein se aanbevelenswaardige hoedanighede vir die monument onder die aandag bring.

#### SEINHEUWEL OF MONUMENT

Die Bloemfonteinse stadsraad is gewillig om Seinheuwel af te staan vir die monument en ook geriewe beskikbaar te stel as moontlik besluit word om die monument op die terrein van die Vrouemonument op te rig.

Die stadsraad is blykbaar nie gewillig om 'n terrein op Naval Hill af te staan nie. 'n Groot monument op Naval Hill van die vorm en aard wat met die Voortrekkermonument beoog word, sal 'n uitsaaistasie daar onmoontlik maak en die stadsraad meen dat Bloemfontein se aanspraak om die groot sentrale uitsaaistasie van Suid-Afrika te kry, besonder sterk is.

Lede van die kommissie met wie ons gesprekke gehad het, het hulle besonder ingenome verklaar met die plekke wat hulle tot dusver te sien gekry het.

„Elke plek het sy eiesoortige aanspraak op die monument en Bloemfontein sal seker aandag geniet vanweë sy sentrale ligging", het een van die lede aan ons verklaar.

Wat die komitee veral in die oog hou, is die geskiedkundige belangrikheid van die plek, sy ligging en die geriewe wat beskikbaar gestel kan word wanneer daar groot volksfeeste gehou moet word.

Daar word onder meer gelet op die sentrale ligging van 'n plek en of dit maklik bereikbaar is. Verder sal faktore soos die verskaffing van elektriese lig, die voorsiening van water, of daar geskikte landingsterreine vir vliegtuie is, ens. ook die finale beslissing beïnvloed.

#### PLEKKE WAT KANS HET

Die plekke wat die komitee tot dusver besoek het, het besonder getref om die geskiedkundige belangrikheid en die indrukwekkende omgewing vir 'n Voortrekkermonument. Dit is veral die geval met die terrein op Pietermaritzburg, waar die stadsraad gewillig is om 'n plek af te staan by die bekende „World's View"; Danskraal naby Ladysmith, waar op 9 Desember Charl Cilliers se gelofte afgelê is, en die terrein in die Drakensberge naby Harrismith, vanwaar 'n mens 'n indrukwekkende gesig oor Natal kry.

Die komitee sal vanaand nog na Winburg gaan, waar die plaaslike kommissie ontmoet sal word en voorts na Vechtkop, Potchefstroom en Pretoria. Later sal 'n kommissie van Ohrigstad ook nog ontmoet word.

Die komitee sal self geen besluit neem oor die plek waar die monument moet kom nie. Hy sal net die geskiktheid van elke plek volledig in sy verslag uiteensit en in Oktober sal die sentrale kommissie met verteenwoordigers van die vier provinsiale komitees 'n finale beslissing gee oor die plek. Eers daarna sal die ontwerpe wat nou uitgedun is tot twee, saamgestel word in een ontwerp vir die monument. Mnr. Gerard Moerdyk is hiermee belas.